



WEEKLIKSE

27 Maart 2020

PITKOS



RANDAGRI

PITKOS

INHOUD



Weer

- Plaaslike weervoorschoue
- Weervoorschoue vir Brasilië en Argentinië

Pariteite

Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou

- Fokus op Afrika: Swaziland
- Suid Amerikaanse produksie

Plaaslike landbou

- In- en uitvoer van mielies
- NOK tweede produksieskatting.

Wisselkoers

Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Nuus


Nasionale- en Internasionale nuus

Prys-risikobestuur

Lang verkoopopsie-strategie ("Long put option strategy")



PLAASLIKE
WEER



HIGH RESOLUTION IMAGES AVAILABLE AT www.rainfall.co.za

Veertien-dae weervoortsig:

Nat weer word vir die sleutel-graanproduksiegebiede in die volgende week voorspel. Die nat toestande sal opbrengste veral in die weste ondersteun, maar sal produsente wat vroeg wil begin oes, stuit.

Tien-dae weervoortsig: Brasilië



Min reënval word vir Brasilië voorspel, wat voordelig sal wees vir produsente wat tans besig is om sojabone te oes.

Mielies is in 'n goeie kondisie, behalwe in die suide van die land waar erge droogte steeds voortduur.

INTERNASIONALE **WEER**

Tien-dae weervoortsig: Argentinië

Goeie reënval word oor Argentinië word vir die volgende tien dae voorspel. Die neerslae sal die oes van sojabone vertraag en kan moontlik skade aan sojabone aanrig.



PLAASLIKE
REËNVAL



Oos-Vrystaat

Dorp	RMD	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Bethlehem		38	364	72	145
Frankfort		61	608	74	309
Harrismith		73	463	48	108
Heilbron		63	600	69	178
Kroonstad		81	453	90	161
Marquard		33	318	104	152
Senekal		73	355	61	95
Theunissen		68	363	50	110
Ventersburg		53	461	69	118
Vrede		15	339	0	94

Wes-Vrystaat

Dorp	RMD	Maart 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Allanridge		75	594	73	97
Bloemfontein		68	397	63	45
Bothaville		137	566	80	58
Bultfontein		92	405	48	89
De Brug		75	417	40	37
Losdoorns		91	599	56	74
Orkney		141	645	83	66
Viljoenskroon		86	500	171	58
Welkom		74	480	82	37
Wesselsbron		90	544	53	77




Mpumalanga

Dorp	RMD	Maart 2020 total	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Amersfoort		16	344	168	93
Balfour		52	296	129	72
Bethal		14	360	95	84
Carolina		31	327	59	26
Delmas		83	648	118	61
Ermelo		23	672	94	98
Greylingstad		59	574	95	111
Hendrina		33	805	185	60
Middelburg		9	664	227	138
Morgenzon		123	674	228	22
Standerton		39	451	152	130
Wonderfontein		29	557	242	88

Noordwes

Dorp	RMD	Maart 2020 total	2019/20 Seisoentotaal	Maart 2018/19	Maart 2017/18
Bloemhof		103	479	99	63
Delareyville		149	586	11	98
Derby		48	422	64	115
Klerksdorp		161	783	104	64
Lichtenburg		98	448	79	178
Ottosdal		88	267	31	100
Potchefstroom		125	699	115	65
Regina		137	565	78	51
Sannieshof		19	275	10	19
Schweizer-Reneke		78	522	61	130
Ventersdorp		102	566	130	139

INVOER- EN UITVOER- PARITEITE



	Mei '20	Jul '20	Sep '20	Mar '21
PMB-invoerpariteit	R3 390	R3 613	R3 471	R3 742
Kaap-invoerpariteit	R3 224	R3 345	R3 195	R3 414
SAFEX geelmanjies	R2 680	R2 685	R2 715	R2 824
Uitvoerpariteit	R2 680	R2 641	R2 619	R2 824



INTERNASIONALE LANDBOU




Suid-Amerikaanse Produksie

South American Soybean Production

SOYBEANS

Brazil Argentina

(In Million Metric Tons)



@KevinVanTrump


Source: USDA, PS&D, March, 2020

South American Corn Production

CORN

Brazil Argentina

(In Million Metric Tons)



@KevinVanTrump

Source: USDA, PS&D, March, 2020




Witmielies

- Uitvoer = 889 536 t
- **Vorige week = 25 922 t**
- Invoer = 0 t

Geelmanielies

- Uitvoer = 357 778 t
- **Vorige week = 11 660 t**
- Invoer = 495 482 t
- **Vorige week = 17 811 t**



PLAASLIKE
LANDBOU



Kommoditeit	Tweede skatting (in ton)	Eerste skatting (in ton)	2019 Finale oes (in ton)
Witmielies	8 523 465	8 268 825	5 545 000
Geelmielies	6 285 885	6 273 335	5 730 000
Mielie-totaal	14 809 350	14 560 160	11 275 000
Sojabone	1 269 150	1 242 950	1 170 345
Sonneblom	731 210	699 130	678 000



DOLLAR - RAND CHART



Die rand ervaar tans sterk weerstand rondom R17,50 teen die Amerikaanse dollar en sukkel om die vlak te breek.

Die tegniese analise het wel ietwat verander en dui daarop dat die Suid-Afrikaanse geldeenheid wel in die kort termyn kan versterk, maar wat die lang termyn aanbetrif is die rand steeds op die agtervoet.

NASIONALE EN INTERNASIONALE NUUS



Argentinië onder wolk van onsekerheid

Argentinië se sojaboon oes-seisoen het vandeelsweek volstoom afgeskop, maar laat reënval asook droë en warm toestande aan die einde van die seisoen laat produsente onder 'n donker wolk van onsekerheid oor verwagte opbrengste.

Om sake te vererger is die uitvoerbelasting op sojabone vroeër vanjaar tot 33% verhoog, en die verspreiding van die Covid-19 virus veroorsaak onsekerheid oor die land se vermoë om die graan betyds te kan uitvoer.

Lees meer by:
http://soybeansandcorn.com/news/Mar25_20-Argentina-Farmers-under-Dark-Cloud-as-Harvest-gets-Underway

Mening:
Beperkte sojaboonuitvoere vanuit Argentinië sal wêreldmarkte ondersteun, aangesien verbruikers ander uitvoermarkte sal moet soek.



Suid-Afrika se nuwe mielieoes 1,71% meer as 2019-seisoen

Die Nasionale oesskattingskomitee het in hulle nuutste oesskattingsverslag aangedui dat Suid-Afrika se mielieoes 1,71% groter is as die vorige seisoen.

Witmielies onder andere is met 236 640 ton opwaarts aangepas, met 'n gemiddelde opbrengs van 5,27 t/ha.

Die verwagte opbrengs van geelmielies is geskat op 6,32 t/ha en die totale mielie-opbrengs is met 12 550 ton verhoog.

Lees meer by:
<http://www.farmingportal.co.za/index.php/agri-index/68-crops/4124-mielie-oes-na-verwagting-1-71-meer-as-vorige-seisoen-suid-afrka>

Mening:
Dit blyk of die mark steeds verwag dat daar 'n 15 miljoen ton oes in die land is. Die verslag sal derhalwe ondersteuning bied aan graanpryse, aangesien mielieproduksie steeds onder die merk van 15 miljoen geskat word.



Ethanolproduksie in die VSA kry uitklophou

Daar is tans 'n laer vraag na ethanol in die VSA as gevolg van die Covid-19 virus. Laer oliepryse plaas verder druk op die verbruik van ethanol en produseerders skakel nou oor na die vervaardiging van ander produkte soos handsteriliseermiddels.

Mielies, wat die hoofbestandel van ethanol is (vier uit elke tien skepels word vir ethanolproduksie gebruik), sal ook negatief geraak word. Die verbruik van brandstof in die VSA het met ongeveer 66% gedaal aangesien groot dele van die land huisgebonde is as gevolg van die virus.

Lees meer by: <https://www.ft.com/content/3aea9764-6e0c-11ea-89df-41bea055720b>

Mening:
'n Verlaging in die verbruik van mielies in die VSA sal CBOT pryse onder druk plaas en dus plaaslike pryse op SAFEX negatief affekteer.





OPSOMMING

- Goeie reënval oor die sleutelproduksiegebiede van Suid-Afrika sal opbrengste ondersteun en vroeë oeste onder druk plaas.
- Alhoewel SAFEX die afgelope week baie gestyg het, bly SAFEX-geelmieliepryse op uitvoerpariteit, wat beteken dat die kommoditeit steeds opwaartse potensiaal kan hê.
- Die Suid-Afrikaanse geldeenheid ervaar tans baie druk, veroorsaak deur die reperkussies van die Covid-19 virus, wat plaaslike graanpryse ondersteun.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Lang verkoopopsie - strategie



Wat is 'n lang verkoopopsie ("put opsie")?

Die koper van 'n verkoopopsie koop die reg om voor die vervaldatum 'n lang verkoopopsie teen 'n vasgestelde trefprys ("strike price") uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper 'n premie.

Wanneer is die beste tyd om 'n lang koopopsie-strategie uit te oefen?

Die beste tyd om 'n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van 'n koopopsie glo die graanprys het 'n hoogtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal daal. Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys laer as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag hoër as die vasgestelde trefprys sluit?

Indien die graanprys egter hoër as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die verkoopopsie aangekoop is.

Strategiekoste

Die koste van die verkoopopsie is afhanglik van dievlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld

Indien **koper A** sy graan teen 'n trefprys van R2 460/t vasmaak en die verkoopopsie aankoop teen 'n premie van R155/t, en die graanprys daal tot R2 200/t, sal die koper geld maak deur die verkoopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan 'n wins van R260/t ($R2\ 460 - R2\ 200 = R260/t$) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R155/t premie is die nettowins R 105/t ($R260 - R155 = R\ 105/t$).

Sou die trefpys hoër wees as die koopopsie van R155/t, byvoorbeeld R2 300/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R155/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply

Safeguarding Prosperity

in Southern Africa



Sourced, exported
and delivered - directly
to you.

A trusted expert on
the JSE (Safex),
specialising in
hedging services.

Servicing the
agricultural commodity
trade and grain
processing
communities with pride,
since 2002.

Proudly delivering
quality raw materials
to millers and
processors.

Wheat

White Maize
Yellow Maize

Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)

Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)

Our grains are promptly delivered to our
clients' doorsteps for refining and processing.

Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za



KONTAK ONS



"If you cannot do great things, do small things in a great way."

- Napoleon Hill



RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166

E-pos: info@randagri.co.za

Web: www.randagri.co.za

Adres: 24 Samora Machelstraat
Middelburg, Mpumalanga

